# Demokrasie of demodinamiek – die internet en demokrasie

**FANIE DE BEER**
Buitengewone professor, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria

**SUMMARY**

***Democracy or demodynamics –the internet and democracy***
*This article explores the possibility of an alternative demo-dynamic focus of human socio-politico-cultural activities supported and energised by information and communication technologies, more specifically by the internet. Demo-dynamics should be understood as an extensive mobilisation and the sincere involvement of the noological forces of humans by the establishment of intelligent communities, physical or virtual, for the solution of problems and the creation of meaning. This dynamic development stands over against the power of political figures and their so-called democratic institutions, which are in any event powerless to solve the most serious problems that haunt humanity and to constitute meaningful human existence.*

Ons lewe in onstuimige tye. Die wêreld was nog maar altyd onstuimig, sou ’n mens wel kon sê. In terme van wêreldoorloë gereken, gaan dit egter nie nou so sleg nie. Aan die ander kant heers daar nogtans allerlei diepgaande ander krisisse in die wêreld, soos byvoorbeeld op die gebied van die verhoudinge tussen nasies en lande; die globaliseringsverskynsel; die menskundige mutasies (Lévy 1997) wat plaasvind waardeur die mens anders gedefinieer word as tevore (Hayles 1999), anders dus as die Cartesiaanse model en wat die meganisering van menslike geestesaktiwiteite (Dupuy 2000) en die industrialisering van die menslike gees (Stiegler 2001) insluit; die absolute mag van “die Mark” wat die armes en die onvermoëndes uitsluit, die terreur van armoede, gewelddadigheid en terrorisme self, die skelmste, lafhartigste, wreedste en mees agterbakse van alle bedrywe, ensovoorts. Hierdie dinge maak van die veelbesonge demokrasie en vryheid van die afgelope 11 jaar hier te lande, maar ook wêreldwyd, eintlik ’n groot grap. Hierdie aangeleenthede is van so ’n omvattende en diepgaande aard dat dit nie lyk asof regerings heeltemal opgewasse is om dit te hanteer en mense daardeur te lei nie. Derrida se opmerking dat die skakel tussen die politieke en die lokale (wat hierdie artikel gaan beklemtoon) ontwrig is, is van toepassing hier (Derrida & Stiegler 2002:57). Bowendien het politieke leiers ook hulle eie agendas wat nie noodwendig saamval met die uitsorteer van hierdie soort lokale ontwikkelinge en behoeftes wat dikwels kritieke afmetings aanneem nie.

Demokrasie, wat dan ook onlangs gevier is, en klaarblyklik verstaan word as die regering deur die mense vir die mense, is seker beter as baie ander vorme van regering in die geskiedenis van die mensdom, hoewel daar eers heelwat vrae beantwoord sal moet word voordat hierdie stelling sonder meer bevestig kan word. Ondanks hierdie potensiaal, die “betere” van die demokrasie, bied bestaande vorms van demokrasie klaarblyklik nie die oplossing vir vraagstukke soos vryheid, gelykheid, armoede en ware gemeenskaplikheid en mededeelsaamheid nie. Is die demokratiese regering werklik ’n regering deur en vir die mense?

Indien demokrasie letterlik die mag van die mense beteken, ontstaan die vraag: Laat demokrasie inderdaad die mag aan die mense oor, of bly dit steeds ’n kwessie van die regeerders wat die mag het, of ontvang het, en dat dit hulle verder min skeel wat die wil van die mense is wat vir hulle gestem het? Maar watter mense is hier ter sprake?

In die *eerste* plek kan ons na die statistiese gegewens van die vorige nasionale verkiesing kyk. Indien ons aanvaar dat die land se bevolking op 45 miljoen te staan gekom het, moet besluit word of daar slegs van stemgeregtigdes gepraat word, dit wil sê van diegene wat as kiesers geregistreer het (20,6 miljoen, 45.8% van die totale bevolking), of van almal wat gekwalifiseer het

om te registreer al het hulle nie geregistreer nie (26 miljoen, 57.8%), of slegs van diegene wat wel gestem het (15 miljoen, 33%) en waarvan slegs 10 miljoen (22.2%) vir die huidige regering gestem het. Of is die hele bevolking (die ongeveer 45 miljoen) belangrik wanneer daar van demokrasie gepraat word, dit wil sê, volwassenes en kinders, of moet kinders uitgesluit word omdat hulle nie stemgeregtig is nie? Indien minder as ’n kwart van die hele bevolking vir die huidige regering gestem het, is sy mandaat glad nie so sterk as wat voorgegee word nie en is daar baie rede, enersyds vir groter beskeidenheid en andersyds vir ’n besef van die afhanklikheid van en die rol en wil van die oorgrote meerderheid. Die belangrike punt hier is dat, afgesien van die lede van opposisiepartye wat 5 miljoen (11%) kiesers uitmaak en dus geen geringe getal is nie, die orige 78% ook burgers van hierdie land is, dat hulle volwaardige burgers is, selfs al is hulle kinders en nog te jonk vir ’n volwasse oordeel. Die vraag is nou: Wat staan diegene te doen wat nie verteenwoordig is of verteenwoordig wil wees nie? Die rol, plek en bydrae van hierdie niestemmers tot die samelewing of spesifieke gemeenskappe is fenomenaal al gebeur dit nie deur die partypolitiek nie. Dit is hierdie mense wat grootliks en op baie maniere ook help om die land aan die gang te hou en wat dus vir die land van die grootste belang is. Geen regering mag hierdie feit minag nie. Ander weë bestaan in elk geval vir diesulkes en kan ontgin word om sinryke bestaansmoontlikhede te skep. Dit is wat in hierdie artikel voorgestel word.

Die *tweede* probleem is dié van “die verteenwoordigers van die mense”. Tot watter mate is daar van werklike verteenwoordiging sprake? Een voorbeeld van hoe verspot die verteenwoordigingsgedagte kan wees, is die “oorstapklousule”. Dit was duidelik nie die wil van die mense nie. Hoekom sou hulle vir iemand stem wat eintlik sy tuiste by ’n ander party wil vind, sou ’n mens kon vra wanneer die verkiesingsuitslae behoorlik bestudeer word, al is dit selfs deur sommige na die tyd voor die deur van die “dom” Afrikaners gelê wat maar net nie die hele “slim” oorloopstorie verstaan het nie. Dit is ’n maklike en gerieflike argument om te beweer dat individue die geleentheid moet kry om op beginselgronde te mag oorloop na ’n ander party. Wat het egter van die beginsels van die kiesers geword? Het hulle beginsels ook saam met dié van die oorstappers verander?

Met die stelsel van proporsionele verteenwoordiging word die verhaal van verteenwoordiging nog ’n vreemder verhaal en word die land eintlik maar deur ’n sogenaamde elitegroepie regeer wat die res aan hulle neuse lei en nog minder ’n demokrasie van die veelgeroemde bedeling maak. As verteenwoordigers is politieke leiers dikwels betreklik onbevredigend, hetsy wanneer daar direkte verteenwoordiging is, of proporsionele verteenwoordiging. In eersgenoemde geval kan hulle ten minste vervang word. Om die waarheid te sê word die mense in die huidige situasie maar weer politiek gesproke tot ’n gepeupel, tot ’n gesiglose massa, gemaak. En dit word toegelaat. Steeds word daar gesoek en gehunker na die messiasfiguur, verpersoonlik in pre-eminente leiers, waarsonder mense klaarblyklik nie kan klaarkom nie en dit ondanks die gehamer op die mag van die mense (demokrasie). Hierdie vermoë moet tot ontluiking gebring word en geleenthede daarvoor geskep word. Die middele is in die nuwe media beskikbaar.

In die *derde* plek kan beklemtoon word dat, omdat daar nie werklik verantwoordbaarheid in die volle sin bestaan en selfs moontlik is nie, is die administrasie uiters ontoereikend – gesondheid, regspleging, onderwys en sekuriteit is maar enkele voorbeelde. Verder moet daar in die *vierde* plek onthou word dat die politiek nie alles is nie. Die geskiedenis van ’n land is nie die geskiedenis van ’n enkele politieke party nie, al dink baie dikwels so; maar eweneens is dit ook nie die som van alle politieke partye saam nie. Kultuur, intellektuele werk, kuns kan nie deur die politiek geabsorbeer word nie; net so min kan die ekonomie en die onderwys afhanklik gemaak word van politieke leiers en figure. Dit kan baie sin maak om in hierdie verband die verhouding tussen politiek en estetiek wat Stiegler (2004) so sinvol beskrywe, deeglik te ondersoek. In die

*vyfde* plek moet daar erken word dat politieke verteenwoordigers en leiers nie noodwendig die bevoegste mense in ’n samelewing is om ’n land te regeer nie en daarom nie kwalifiseer om so verskriklik belangrik geag te word nie. Dit is nooit die geval nie - ook nie in Suid-Afrika nie.

In die *sesde* plek moet die vraag gevra word: Op grond van watter insig in watter sake en met watter sentimente en met watter vorme van manipulasie en met watter lojaliteite kom mense, diegene wat wel ’n stem uitbring, na die stembus? Is dit ’n bevoegde versameling mense om wel te oordeel wie die politieke rolle behoort te vervul? Hoeveel Suid-Afrikaners wat gaan stem het, het al die Grondwet, wat as so ’n belangrike dokument beskou word, gelees, hoeveel kan dit lees en tot hoe ’n mate het die ingeligte oordeel wat hierdie lees meegebring het die stem wat uitgebring is, bepaal? In die *sewende* plek lyk dit asof representatiewe demokrasie in elk geval mense passief maak. En in ’n eensydige politieke situasie, soos hier te lande, gebeur dit nog meer. Alles, selfs dinge wat met relatief min inspanning self gedoen kan word, word van die regering verwag, maar die regering vermag nie alles nie. Die mense moet dinge kan vermag.

**GROEIENDE ONVERGENOEGDHEID**

Die demokrasie, ook ons demokrasie, gaan mank aan groot en ernstige beperkinge en word maklik die skuilplek van allerlei magspeletjies wat nie sonder slagoffers, wat gewoonlik gewone burgers is, bly nie. Daar ontstaan meer en meer en bestaan alreeds ’n algemene onvergenoegdheid met hierdie politieke aktiwiteite van ’n sogenaamde demokratiese aard. Daar is grondige frustrasie by gewone mense met die politiek, miskien omdat dit volgens politici al is wat daar is, of, omdat die media die politiek en politici verhef tot wat hulle nie is of kan wees nie, naamlik die redders van ’n volk, of moontlik vanweë die onvermoë om op daadwerklike wyse die kwellendste probleme voluit te pak en op te los: die tien of meer jaar van sogenaamde vryheid het inderdaad vir baie ’n soort vryheid gebring, maar dit het duidelik ook misdadigers vrygemaak. Ander is weer hierdeur voëlvry gemaak, soos boere, polisie, kinders, maar so ook groot getalle ander burgers wat nie regtig vry is om te bly, te ry, inkopies te doen, restourante te besoek, of selfs kerk toe te gaan nie.

Daar bestaan, ondanks die baie pratery, ’n groot onvermoë om kernsake, sake van kritieke belang vir die toekoms van die land en sy mense, daadwerklik te pak en op te los. Dit skep inderdaad onvergenoegdheid. Maar daar bestaan ook baie ander redes vir die onvergenoegdheid: gewone domheid, slaperigheid, afwesigheid, geldgierigheid, korrupsie, statusbeheptheid en selfs die neiging tot obesiteit wat belangrik is omdat dit simptomaties kan wees van die vorige sake. Die beslaglegging (eksploitasie en misbruik selfs) van die term demokrasie deur bestaande institusies, asook die wêreldwye onvergenoegdheid van baie mense met regerings - en dit sluit wettig verkose demokratiese regerings in - soos ook gedemonstreer is in die plaaslike neutraliteit en afsydigheid tydens die afgelope nasionale verkiesing, beklemtoon hierdie soeke na iets anders, meer en beter. Oproepe tot nasiebou is goedkoop as die oorwegende agenda in die politieke veldtog slegs een deel van die nasie in die oog het en die ander deel sonder meer in verwyte toevou.

Hierdie onvergenoegdheid met die politieke alternatiewe en met politici is nie ’n nuwe verskynsel nie en is nie beperk tot Suid-Afrika nie, ongeag watter “bedeling” in die laaste geval ter sprake kom nie: Die *Charles Leopold Mayer Foundation* in Switserland speel hedendaags ’n omvattende en indrukwekkende rol op wêreldskaal in hierdie verband om gewone burgers tot ’n alternatiewe krag te mobiliseer vir die daadwerklike oplossing van probleme en dit word gedoen op ’n omvattende internetnetwerkstelsel. Ander voorbeelde van internetnetwerke waardeur konstruktiewe werk op beperkte skaal gedoen word, is die *Bangladesh Human Rights Network* wat die belange van gemarginaliseerde groepe bevorder en die telesentrum van die *Associación de Cabildos Indóígenas del Norte del Caucia (ACIN)*, wat deur inheemse mense in Cauca, Columbia bedryf word ter ondersteuning van menseregte en die vreedsame oplossing van dispute rakende

voorvadergrond (kyk ook Dutton 2004:102). Baie ander nieregeringsorganisasies doen reeds hulle deel op soortgelyke wyse.

Die vroeëre werk van iemand soos Ivan Illich, met sy *Tools for conviviality* (1973) is ’n voorbeeld van pleidooie in hierdie verband. Ook die werk van Theodore Roszak *Where the wasteland ends* (1972) is ’n belangrike voorbeeld. Sy intense onbegrip vir die bohaai wat oor politici gemaak word, spreek boekdele. Erich Fromm (1978) het iets van dieselfde gedagte laat deurskemer met ’n hoofstuk oor die kenmerke van wat hy ’n “nuwe samelewing” noem. Hierbenewens kan ’n mens gerus, indien jy in hierdie skepping van ’n nuwe samelewing belangstel, sy *Sane society* (1976) lees. Hy beklemtoon onder andere dat ons nie onsself moet mislei nie: die meerderheid is nie noodwendig reg nie en universele stemreg kan ’n fetisj wees. Dupuy (1980:17) se treffende opmerking dat die groot gevaar wat ons bedreig die feit is dat ons moontlik kan vergeet dat ons hoofrykdom in die mens self geleë is, en in mense se vermoë om hulle te verwonder en in hulle vermoë om te verras. Om hierdie gevaar af te weer behoort alles in werking gestel te word om die geesteskrag van mense op so ’n wyse te mobiliseer dat die verrassings- en verwonderingselemente tot hulle reg kan kom. Die internet is uitnemend geskik vir projekte van so ’n aard.

Dit is presies hierdie vermoë tot verwondering en tot verrassing wat gekoester en gekultiveer moet word, maar wat deur gewone politici maklik as ’n bedreiging ervaar word. Hierdie “hoofrykdom” moet ten alle koste en in almal se belang ontgin word. Politici en politieke partye kan dit nie vermag nie. Mense moet dit self doen ondanks en ten spyte van die politiek. Dit het al baie gebeur en dit gebeur ook daagliks. Die tyd is moontlik nou ryp om dit op ’n veel groter skaal, op ’n globale skaal te doen, danksy nuwe middele tot ons beskikking. Ons kan nie die sinverwesenliking van ons bestaan van politiek, politici en politieke leiers afhanklik maak nie. Op ’n sekere manier sou so iets eerder neerkom op die opoffering van sin, ’n lewe benede sin, of, soos Stiegler (2001) dit sou noem: om die werklikheid te leef as ’n niewerklikheid, as niks. Kyk wat het van die party geword van wie die meerderheid Afrikaners op ’n stadium hul saligheid verwag het en wat aan hulle die saligheid belowe het. Die rol van politiek en die politici moet drasties, ter wille van selfbehoud, gerelativeer word. Ons ken die term “selfbehoud” waarskynlik, of onthou dit nog. Indien die drang om selfbehoud so sterk is en beoefen word dat dit ander se behoud bedreig, kan hierdie selfbehoud uiteindelik verloor word. Miskien is dit nou tyd om eerder te begin werk aan ’n soort “politiek van almal se behoud”. So ’n houding mag veel eerder selfbehoud verwesenlik en bevorder. Politici vind dit egter onmoontlik.

Hierdie verskynsels maak dit noodsaaklik om elders na maniere te soek wat nuwe patrone van kragverhoudinge, eerder as magverhoudinge tussen mense, blootlê (Poster 2001:175). ’n Nuwe soort samelewing, meer a-polities, moet tot stand kom en die behoefte daaraan, veral met die oog op probleemoplossing, is al teoreties deeglik deurdink en sporadies in die praktyk verwesenlik. Selfs in die lig van die omvattende aard van die probleme waarmee die mensdom te kampe het, is daar hoop. Die kennispoel waar antwoorde op hierdie vraagstukke gevind kan word, is ontsaglik groot en dit word al groter, maar dit vra om drastiese uitbreiding en integrasie by almal. Wetenskap, tegniek, politiek, ekonomie, moraliteit en denke is verweef - sinvolle verweefdheid en nie fragmentering en keuses waarin hulle teen mekaar afgespeel word nie, kan antwoorde bied. Die hulpmiddele om hierdie antwoorde te fasiliteer is ook beskikbaar in die inligting- en kommunikasietegniek.

Die skepping van nuwe metodes van sosio-politieke organisasie is van die dringendste take wat op hedendaagse samelewings wag. Sodanige metodes kan selfs die demokrasie verdiep. Dit dien ook as voorwaarde vir ons welsyn deurdat dit help om van ons dringendste en ernstigste probleme te help oplos. Wat meer is: elke samelewing is toegerus met mense waarvan die aansienlike vermoëns smeulend en verskuild gehou en versmoor word; daar bestaan ’n onontginde weelde en rykdom aan mensekrag en -energie wat die samelewing verarm omdat dit agterweë

gelaat word. Hierdie opmerking geld van almal, maar veral ook van ou mense – almal na aftrede – en jongmense - almal voor stemgeregtigheid. Daar bestaan baie bewyse van wat hierdie groepe vir ’n samelewing beteken. Dit is ’n verborge weelde wat roep om ontginning. Mobilisering, koördinering en kultivering van hierdie mensekrag en energie is dringend nodig en dit kan gedoen word.

**MANIERE VAN VERWESENLIKING**

Hiervoor word ’n direkte rekenaar-bemiddelde “demokrasie” voorgestel - ’n soort virtuele mens- of volksruimte - wat in baie opsigte meer geskik is vir die mobilisering van mensekrag (demodinamiek) as die huidige stelsels van demokrasie, hetsy proporsioneel of verteenwoordigend of al die ander name wat daaraan gegee word. In sekere dele van internetbenutting kom dit reeds na vore. Die internet is veral ’n gedesentraliseerde kommunikasiestelsel. Dit is nie slegs ’n stuk gereedskap nie, maar bied ’n nuwe soort sosiale en openbare ruimte, ’n ruimte wat op ’n noemenswaardige ander wyse gevul kan word as wat met die massamedia die geval is (Poster 2001:176-7). Enigiemand wat met die internet geskakel is, kan kommunikasie inisieer of ’n boodskap stuur. Daar word hier gepraat van ’n demokrasie wat op die krag, die geesteskrag, van mense eerder as op die mag van heersers en leiers as verteenwoordigers van die mense berus. Daarom moet dit eerder ’n demo-dinamiek as ’n demo-krasie genoem word. Hierdie veelseggende en besonder gepaste term is deur Pierre Lévy (1997:88) voorgestel aan wie heelwat van die insigte in hierdie artikel te danke is. Dit kom neer op ’n mobilisering, fasilitering en kultivering van die krag en sterkte van mense, veral intellektuele vermoëns en vindingrykheid, wat kollektief gemobiliseer en aangewend word tot versterking, verfyning en verbetering van ’n groep of selfs ’n samelewing.

Hiermee het ons uitgekom by dit waarna Castells (2000:60) verwys as “die formasie van die noösfeer” - die sfeer van “die globale inligtingsamelewing wat die kuberruimte insluit”. Dit is ’n erkenning en benutting van die mees sentrale en kenmerkende vermoë van mense, hulle noëtiese vermoë, naamlik hulle intelligensie, die kreatiewe intelligensie waarna Ulmer (2003:5) verwys as “the one negentropic force in the world” en wat dan saamgeweef moet word tot ’n kollektiewe strategie. Die konstruktiewe koestering, ontwikkeling en benutting van hierdie vermoëns word deur politici verwaarloos - trouens, hulle vrees dit selfs. Terselfdertyd is dit presies hierdie vermoëns wat in die laaste instansie die dinge is waardeur ons sin aan ons lewe verleen.

Dit is wel belangrik om hier te onderskei tussen die massamedia en die inligting- en kommunikasiemedia soos byvoorbeeld die internet. Die rol van die massamedia in die bevordering van ideologieë en ook van demokrasie, is bekend. Dit is eweneens bekend dat hierdie media betreklike sterk eenrigtingkommunikasie bevorder. Die moontlikhede van antwoorde, besware en kritiek is in baie opsigte beperk. Selfs die sogenaamde persvryheid waarborg nie tweerigtingkommunikasie tussen burgers in die volle sin van die woord nie en het dus relatiewe waarde wanneer dit by demokrasiebevordering kom. Die vraag hier is eintlik tot hoe ’n mate die internet, as ’n nuwe medium, ’n rol te speel het om demokrasie te bevorder of te beduiwel, veral as daar van demokrasie in die meer letterlike sin van die woord gepraat word. Dit is duidelik dat regerings redelik senuweeagtig hieroor is. Die vryheid wat die internet aan die individu bied, behoort vanselfsprekend ook nie as ’n soort roekelose vryheid, dit wil sê vryheid sonder verantwoordelikheid, gesien te word nie. Vryheid is nooit gegee nie; dit word ook nooit gevat of selfs opgeëis nie; dit bly altyd ’n stryd om verwesenliking. Die internet bied immers die moontlikheid om uitdrukking aan regte te gee, om behoeftes uit te spreek en probleme te lug, en om waardes te kommunikeer. Dit stel mense in ’n situasie van tweerigtingkommunikasie.

Karl Popper (1977), met sy beskrywing van die oop samelewing en die vyande daarvan, kan goed hier gebruik word. Hoe oop of hoe toe moet of kan ’n samelewing wees? Watter rol speel die massamedia in die mate van openheid of toeheid wat hier ter sprake is? Demokrasie het met vryheid te doen, met die mag van mense om mekaar te versterk en te ondersteun, eerder as om mekaar te vermoor, te verkrag, te verjaag en te onderdruk. Kan die internet op ’n spesiale manier hierdie vryheid van mense borg en bevorder? Of is dit niks meer as ’n soort ontladingsgeleentheid wat in elk geval tot niks lei nie, maar tog sommige beter laat voel vir sover dit ’n geleentheid tot ontlading bied? Die kernvraag wat egter gevra moet word oor die internet en demokrasie, ten einde by die werklike waarde daarvan te probeer uitkom, is die volgende: Kom daar nuwe soorte verhoudings op die internet voor wat nuwe vorme van magskonfigurasies tussen kommunikerende individue suggereer wat kwalitatief verskillend is van bestaande politieke konfigurasies? (Poster 2001:177). Die vraag is dus of die internet ’n nuwe soort politiek moontlik maak. Bied dit moontlikhede vir nuwe vorme van verhouding wat meer betekenisvol vir individue gaan wees en meer probleemoplossend vir die komplekse probleme wat samelewings konfronteer? Of is dit voorbarig? Nee, baie voorbeelde toon dat hierdie moontlikhede glad nie so vergesog is nie en daarom hier ook ernstig bepleit word.

Daar moet in die gedagte gehou word, soos Poster (2001) aantoon, dat die verhouding tussen tegniek en politiek nog altyd ’n prominente verhouding was – albei fenomene is wesenlik menslik. Die geboorte van skrifting is nog altyd te assosieer met die vroeë burokratiese state met ’n hiërargiese orde en die eerste vorme van ’n gesentraliseerde ekonomie. Die ontstaan van die alfabet en die invensie van demokrasie in Griekeland het met mekaar verband gehou. Die ontwikkeling van leesvermoëns stel mense in staat om wette te lees en dit dus met gemak te bespreek. Die drukkuns maak die verspreiding van boeke moontlik, laat koerante ontstaan, waarsonder moderne demokrasie nie sy beslag sou kon kry nie. Ons weet almal hoedanig die oudiovisuele media in die 20ste eeu tot die ontstaan van die spektakulêre samelewing aanleiding gegee het en dit het op sy beurt weer die samelewing in stede en op die markplein verander. Die noue wisselwerking tussen inligting- en kommunikasiemedia en regeringstrukture word deur resente gebeure op politieke gebied bevestig. Hiermee word die hele politieke toneel verander.

Die sogenaamde nuwe media is dan ook sentraal in hedendaagse debatte. Is hulle goed of sleg vir die demokrasie in die algemeen? Wat dan boonop nog vir die demokrasie in ’n land soos Suid-Afrika? Om te praat van ons jong demokrasie is natuurlik ’n wanvoorstelling. Dit mag jonk, nuut of vreemd vir sommige wees, maar vir baie ander is dit nie die geval nie. Ons het klaarblyklik bowendien te doen met verskillende soorte demokrasie. Almal beweer dat hulle eintlik demokraties is. Dit is ’n maklike term waaraan elkeen byna na willekeur sy eie inhoud kan gee. Een ding is taamlik seker: outoritêre regerings, wat dikwels hoog opgee oor hulle demokratiese status, is nie heeltemal daartoe in staat om die groei van elektroniese netwerke in alle vorme daarvan en waardeur laterale, gedesentraliseerde en niehiërargiese kommunikasie gestimuleer word, te voorkom en te verbied nie. Ons het dus in hierdie media met ’n kragtige faktor te doen wat gemeenskappe vir verdieping en verryking kan benut.

Die rol van die burgery is ’n volwasse rol, of liewer, ’n rol vir volwassenes, maar eintlik en veral ’n rol vir volwaardige mense, oud of jonk. Daar rus geen morele verpligting op elkeen om te moet stem anders moet hy/sy swyg nie. Die burgery se mobilisering is ’n verantwoordelikheid wat rus op die erkenning van die plek en volwaardigheid van elke burger, groot en klein, oud en jonk, en slegs politieke patete voel gepla omdat almal nie vir hulle en hulle party stem nie of selfs omdat almal nie stem nie. Die vertrekpunt van die mobilisering van die burgery is nie politieke oortuiging nie maar menskundige oortuiging: die intelligensie van almal, die kollektiewe intelligensie van die burgery, ook selfs van die wat nie kan lees of skryf nie – ongeag ras, kultuur, kleur, geslag of ouderdom. Hierdie is juis almal verrykende faktore, indien hulle behoorlik benut en ontwikkel word.

Hoe kan hierdie “krag van die burgery”, eerder as die “mag van die gepeupel”, die vormlose massas, die jabroers en napraters en mensverheerlikers, en omhelsers van onvervulde beloftes behoorlik benut word? Die elektroniese media - rekenaars, netwerke, internet - bied wonderlike nuwe moontlikhede. Nie noodwendig die massamedia nie. Die massamedia is te behep met eie posisie, te afhanklik van die regering, te gretig om die regering ter wille te wees, te skugter met teregwysings van die regeringsflaters en oordadig met potsierlike en selfs infantiele voorstellinge van die vir hulle minder beminde en beminlike politieke figure. Kommentatore en rubriekskrywers met hulle eie insigte, tesame met die beleid van die pers, bevorder eintlik maar hulleself en dit op ’n taamlik eensydige wyse en dikwels in erg moralistiese trant. Die wonderlike rubriek vir korrespondensie in koerante is belowend, maar betreklik niksseggend in terme van die skrutinering van briewe, die plaasbaarheid van briewe en die impak daarvan. Ons het dus steeds te doen met ’n baie sterk eenrigtingverkeer. Daarom bring die ontwikkelinge op die gebied van inligting en kommunikasietegniek so ’n formidabele nuwe bedeling met ’n hele nuwe dinamiek na vore. Baie koester op grond van hierdie ontwikkelinge inderdaad asemrowende utopiese verwagtinge oor ’n breë spektrum van sake soos Soriano dit goed beskrywe in Finkielkraut en Soriano (2001).

Ons moet egter nie dink dat hierdie ontwikkelinge sonder probleme is nie. Die massamedia maak in elk geval ook hiervan gebruik. Indien dit egter probleemloos sou wees, sou ons nie soveel Neo-ludiete en tegnofiele gehad het met die spanning wat tussen hulle heers nie (Graham 1999). Almal sou eenstemmig gewees het; daar sou konsensus geheers het (kyk Mouffe 1996). Die debat tussen hierdie groepe het nog kwalik in Suid-Afrika begin. Daar moet nie sonder meer aanvaar word dat konsensuspolitiek die paradys na vore haal nie. Skerp en kritiese vrae hieroor en oor die verdienstelikheid van die internet in die verband van die demokrasie word deur baie gestel, soos onder andere Breton (2000) asook Finkielkraut en Soriano (2001). Terselfdertyd maak hulle egter ook positiewe en konstruktiewe voorstelle. Hoewel Breton die krisis in die politiek erken, sien hy tog ’n bedreiging in die internet as ’n nuwe soort religiositeit, die verheerliking van die utopie van deursigtigheid wat ’n bedreiging inhou vir die alreeds verswakte sosiale verbintenisse. Finkielkraut en Soriano spreek twyfel uit oor die paradystoestande wat in terme van die internet deur die tegnofiele belowe word, maar ook oor die hel wat deur die Neo-ludiete aangekondig word. Hulle waarsku wel teen ’n nuwe totalitarisme van kommunikasie wat wink in die beste van die kuberwêrelde, maar ook teen die moontlikheid van ’n “humanisme sonder die mens” wanneer die mens verswelg word in die Groot Virtuele.

Thornton (2001) deel hierdie negatiewe kommentaar en stapel nogal heelwat argumente in die trant op hoewel die leeswerk oor die tema, al is dit betreklik omvattend, tog taamlik eensydig is. Dit sluit nogtans af met enkele opmerkings oor “belowende aspekte van die internet” wat juis die fokuspunt van hierdie artikel is: die moontlikheid dat klein belangegroepe mekaar kan vind en met mekaar kan kommunikeer; die moontlikheid dat individue en groepe met beperkte hulpbronne nogtans hierdeur hulle gesigspunte aan ander kan bekend maak; die moontlikheid word geskep om ’n wye spektrum van gesigspunte beskikbaar te maak; ’n waardevolle inligtingbron word tot stand gebring; meer tweerigtingkommunikasie as tevore word moontlik; die vorming van aanlyngemeenskappe word ’n werklikheid (kyk Thornton 2001:41).

Met ’n gebalanseerde konstruktief-kritiese oorweging van die bydrae van tegniese ontwikkling tot ’n nuwe bedeling vir die burgery kan groot hoogtes van betekenisgewing en mensvervulling dus tog bereik word – die skeppende simbiose tussen mens en tegniek waarna Dreyfus (2001:99-107) byvoorbeeld verwys. Dit geld vir beide menslike vernuf en voortreflikheid wat bevorder moet word as menslike gebrekkigheid, ellendigheid en feilbaarheid wat geëlimineer en aan bande gelê moet word. Daar moet dus vasgestel word waarvoor die internet goed is en waarvoor nie, sodat dit gebruik kan word vir wat dit goed kan doen of veral vir wat goed daarmee gedoen kan word. Vanselfsprekend moet die simbiose tussen mens en tegniek bevorder word. Ons

positiewe kragte moet dan aangewend word om vas te stel wat relevant is en herwin moet word, om vermoëns deur betrokkenheid aan te leer waardeur ons ons wêreld kan verander, om 'n greep op die wêreld en werklikheid te kry waarin ons daagliks lewe en teenwoordig is, en om riskante besluite te neem waardeur sin aan ons lewens toegevoeg kan word. Dit kan dan neerkom op die samevoeging van 'n lokale gemeenskap tot 'n kollektief-intelligente gemeenskap met 'n eie kragtige dinamiek van sinvolle menswees en die oplos van ernstige probleme. Dit kan ook oor grense heen belangegroepe saamgroepeer tot intelligente kollektiwiteite wat bande kan smee, insigte kan deel, probleme kan oplos en sinvolheid kan verwesenlik, sonder die inhiberende belemmering van geografiese en kulturele grense. So 'n simbiotiese verbintenis suggereer dus nuwe moontlikhede tot die vestiging van betekenisvolle verbintenisse tussen mense. Die kind moet dus nie met die badwater uitgegooi word nie.

Greg Ulmer (2003), in sy *Internet invention,* aan die ander kant, demonstreer op 'n verfrissende wyse hoe die nuwe medium byvoorbeeld in die pedagogiek invensie kan mobiliseer en motiveer, maar dan as 'n selfstandige aktiwiteit en nie bloot as 'n onderwyshulpmiddel waarvoor dit in elk geval reeds bekend is nie. Hy dring aan op die invensie van 'n "digitale praktyk". Deur sy beklemtoning van verbeeldingryke inventiwiteit bied Ulmer 'n vars perspektief op wat met kennis in die mens- of geesteswetenskappe nagestreef behoort te word. Die weldeurdagte, hegte, komplekse teorie en praktyk wat hy in hierdie studie ontwikkel, bied 'n grondslag vir en riglyne waarvolgens baie ander aanlyngemeenskapspraktyke aangepak en verwesenlik kan word. Skryf-, lees- en denkhandelinge kry binne hierdie konteks nuwe en andersoortige betekenis. Die filosoof Wittgenstein het op 'n keer opgemerk dat al sou ons daarin slaag om al die tegniese en wetenskaplike probleme op te los, sal ons steeds die diepste vraag na die mens onaangeraak laat. Wat Ulmer in sy studie baie oortuigend doen en wat ook die poging van hierdie artikel is, is om hierdie vraag na die mens in sy vele fasette ernstig na vore te bring en in die konteks van die internet en verwante sake antwoorde te help vind en te help uitvind. Die oortuiging bestaan dat hierdie vraag, te midde van al die bohaai en geraas in die wêreld oor baie sake rakende mense, tog nagelaat word. Die meeste dissiplines, meen Ulmer (2003:5), het die inventiewe kant van hul geskiedenis afgeskeep. Die een krag in die wêreld is menslike intelligensie (skeppendheid), veral soos dit deur die nuwe media versterk word en waardeur ons tyd gemaak word tot "die tyd van invensie". Ondanks die baie negatiewe dinge wat saamgehark kan word teen die bose moontlikhede van die internet, stel Ulmer (2003:6) die positiewe moontlikhede eksplisiet: "the new media culture potentially supports and could be designed to augment and enhance individual and collective creativity: that a wired community in principle may be fundamentally 'creativogenic'". Vir die ontwikkeling en ontplooiing van demodinamiese eenhede, intelligente gemeenskappe, bied die Ulmerbenadering baie stof tot nadenke en selfs implementeringmoontlikhede. Die samesnoering en aktivering van minderheidsgroepe, belangegroepe, spesifieke probleemoplossingsgroepe en andere tot kragsones tel almal onder sulke demodinamiese eenhede.

Die gedagte hier is nie 'n alternatief op of opposisie vir die politiek nie, want dit sou tog weer op politiek neerkom, maar veel eerder 'n besef van die beperktheid van die politiek as sodanig en politieke rolspelers se bydrae tot die sin van die lewe van elke burger op elke vlak van hulle bestaan. Laat ons erken dat daar vanselfsprekend 'n belangrike plek vir die politiek bestaan. Soms moet 'n mens wel baie goed en mooi kyk om dit raak te sien. Hierdie belangrikheid het egter min te doen met die diepste behoeftes van menswees; dit het meer te doen met die skepping van 'n milieu waarbinne menswees volwaardig kan gedy en in mense se diepste behoeftes voorsien word, sonder politieke inmenging en besmetting waarin magsdemonstrasies en bemoeisiekheid aan die orde van die dag is. Dit is in elk geval hoe die meeste mense lewe – betreklik ongeërg oor die politiek en die politici, ondanks hulle groot behoeftes, maar wetende dat politici min kan of wil of sal doen. Die opmerkings van Fromm (1976) oor "die patologie van normaliteit" en die noodsaaklikheid van politieke en kulturele transformasie en die opmerkings van Roszak (1973) oor die relatief min

waarde van politici en die noodsaaklikheid van "visie en rapsodiese intellektualiteit" moet weer hier beklemtoon word. Ons moet bowendien onthou: die politiek en politici skep nie mense en samelewings nie; die politiek is maar een van baie manifestasies en maniere waarvolgens samelewings na hulleself kyk en hulleself probeer organiseer. Dit is fataal om alles wat in 'n samelewing van belang is in terme van slegs een van die manifestasies daarvan te vertolk, al is dit selfs die politiek, en dit dan daartoe te reduseer. Daarmee word 'n soort politisisme geskep – 'n gevaarlike ideologie. Die sinvolle antwoord op die leemtes wat bestaan is die skepping en kultivering van kreatief- en inventief-intelligente demo-dinamiese gemeenskappe waarbinne sinvolle menswees intensief verwesenlik word. Uit hierdie kragbron kan selfs die politiek betekenisvol gerig en beïnvloed word en 'n paar lesse leer.

'n Belangrike probleem in verband met die plek van die internet in ons demokratiese drome is die groot persentasie ongeletterdheid van ons mense, solank daar net goed onthou word dat ongeletterd en onintelligent geensins sinonieme is nie. Die ongeletterdes kan die Grondwet, wat sogenaamd die hart van ons demokrasie uitmaak, nie lees nie en dus sekerlik ook nie verstaan nie. Demokrasie sou beteken die opheffing van die verstaansvlakke, dit wil sê die geletterdheidsvlakke, van die bevolking sodat hulle minstens die Grondwet kan begryp en sodat hulle kan verstaan waarvoor hulle stem. Die relatief min moeite wat hiermee gedoen word, en veral die soort geletterdheid wat bevorder word wat eerder tot ongeletterdheid lei (kyk De Beer 2004), sowel as die berge hindernisse wat op die pad hiervan lê, kan maklik vertolk word as pogings om mense ongeletterd te hou. Die behoorlike organisasie van kennis- en inligtingnetwerke en die skepping van intelligente gemeenskappe deur die internet binne die samelewing is hier nodig. Dit kan geletterdes en ongeletterdes in alle grade daarvan insluit en tot deelname en samewerking bring. Met inligting wat so beskikbaar word, het ons 'n keuse om te antwoord of nie te antwoord nie. In verband met die demokrasie beteken dit dat die burgers vry is om te antwoord en te stry en te debatteer, maar so is regerings ongelukkig ook vry om te ignoreer of te antwoord. Hoe hulle antwoord of swyg het natuurlik baie met mag te doen en nie noodwendig met insig nie. Hierteenoor moet die krag van die mense binne die netwerke toegelaat word om te ontluik sodat geletterdheid kan groei. Omvattende geletterdheid kan die verdieping van die demokrasie beteken wat daarop neerkom dat mense groter insig en begrip sal ontwikkel vir hulle volwaardige burgerskap en hulle politieke en a-politieke plek in die samelewing – die ontwikkeling van 'n demodinamiek. Op so 'n manier sal mense, burgers, hulle bevry van die gepeupelskap waartoe demokrasie hulle maklik kan verlaag en verniel.

Hier sal noukeurige aandag gegee moet word aan die ander belangrike probleem, naamlik geraas (waarvan "sloganeering", plakkaatpolitiek en politieke retoriek deel vorm) as 'n beduiweling van kommunikasie en 'n versteuring van die verloop van inligtingdisseminasie, enersyds, en aan sinmaking as verwesenliking van kommunikasie en betekenisvolle inligting, andersyds. Geraas kan die volgende insluit: 'n soort geraas wat sinvolle mededelinge onhoorbaar maak; deurmekaarheid wat mededelinge onverstaanbaar maak; die oormag van die gewelddadigheid van woorde; oormatige inligting kan ook 'n vorm van geraas uitmaak met die gevolglike misverstande en steriliteit en stagnasie wat dit meebring; ideologiese distorsies vorm 'n oorverdowende lawaai. In die proses is ons inderdaad alreeds besig met beide inligting en kommunikasie en die verhouding tussen die twee. Hoe kan hierdie wisselwerking tussen mens en tegniek, mens en internet, bereik word en hoe kan dit gebruik word?

## AKTIWITEITE BINNE INTELLIGENTE, DEMODINAMIESE GEMEENSKAPPE

Enkele konkrete stappe wat met behulp van die internet gevolg kan word, kan hier aangedui word waartoe die waardevolle insigte van Pierre Lévy (1997, hoofstuk 4) van rigtinggewende belang is:

### Informatiseringstrategieë moet dringend ontwikkel word

Individue en groepe moet inisiatief aan die dag lê in die ontwikkeling van die genoemde gemeenskappe. Ruimtes en kollektiwiteite moet geïdentifiseer word en werkwyses ontwikkel word waarby alle deelnemers betrek kan word. Bring kennis by die mense uit, laat mense deel in kennis, skep 'n kenniskultuur, 'n kultuur van liefde vir kennis, maar ook van die deel van kennis, 'n kultuur van die erkenning van kundigheid, wat die drastiese verhoging van geletterdheidsvlakke insluit.

**Kollektiewe intelligensie, waarin die samevoeging van intelligensies floreer, moet erken word en voorrang geniet**

Ontwikkel die besef van kollektiewe intelligensie wat beteken dat almal intelligent is (geletterdes en ongeletterdes), of oor intelligensie beskik en dat hierdie feit erken en ook bevorder moet word. Deur hierdie intelligensies saam te voeg, word die kennispoel groter en ryker gemaak. Bestaande fasiliteite soos gemeenskapsbiblioteke kan in meer as een geval as vertrekpunt dien om sulke groepe saam te trek en te konsolideer. Sodanige samevoeging van intelligensie kan ons dan by die punt bring van die besef van komplekse probleme, die omvattende en eerlike bespreking daarvan en samewerking aan die oplossing van sulke probleme waartoe almal bydraes lewer. In die proses kom intelligente gemeenskappe met 'n dinamiese karakter tot stand.

**Die erkenning van menswees en die uniekheid daarvan, soos dit in elke ander mens gemanifesteer word, moet aangemoedig word**

Dit kom neer op die beklemtoning van die noëtiese vermoëns van alle mense, dit wil sê nie net denkvernuf sonder meer nie, maar denke in die oortreffende trap: omvattende, verbindende en inventiewe denke (kyk Lévy 1997). Dit beklemtoon ook die etiese vermoë van die mens, naamlik die gerigtheid op die ander (Critchley 1996) sonder die reduksie van die ander. 'n Mens dink hier onwillekeurig aan die hart van die politiek wat deur Stiegler (2004:18) gedefinieer word as dat dit wesenlik gaan om die verhouding tot die ander in 'n "gemeenskaplike gevoelvolheid", *sum-pathos.*

Hierdie soort politiek is die kuns om die eenheid van 'n bepaalde gemeenskap, in sy begeerte na 'n gemeenskaplike toekoms, te waarborg.

**Opeenvolgende fases in hierdie proses**

Ter verwesenliking van wat hier beskrywe word, moet die aktiwiteite in die dinamiek van die intelligente gemeenskappe wat in netwerke saamgesnoer word, in bepaalde fases verloop: die opstel van *verbintenisse* of verhoudinge en die vermoë om te *luister.* Dit sal lei tot wedersydse begrip en op die einde van die eenrigtingverkeer van die massamedia. Die gemeenskap (lokaal of oor grense heen) kan na aanleiding van die sorgvuldige luister die geleentheid kry en gebruik om aan bepaalde probleme wat ervaar word *uitdrukking te gee* waarin minderhede en meerderhede as pluraliteite gesien word en nie as verbonde aan regeringsprogramme nie, maar as verbind tot alternatiewe oplossings vir sosiale probleme. *Besluite* moet oor probleme geneem word en die besluite moet in oorleg met wette en volwaardige burgerskap *geëvalueer* word waartoe lede van so 'n gemeenskap opgevoed moet word. Die volgende fase is *organisasie* wat bestaan in die

verspreiding van funksies oor die hele linie van die openbare lewe waarin take gedeel word en sterkte en kragte saamgesnoer word. In die konteks van die intelligente gemeenskap kan die funksie van organisasie nie sonder die disorganiserende komponent van laterale verbintenisse gesien word nie. Die vloei van die sirkulerende gedagtes, die vouing, hervouing en ontvouing (Deleuze 1993) van die self in 'n ruimte waar betekenis en menseverhoudinge in noue kontak is, inspireer en deurkruis die demodinamiek op 'n voortgaande basis. Virtuele wêrelde van gedeelde betekenis begunstig die verbintenisse en onderhandelinge sonder die behoefte of nodigheid aan verteenwoordiging. Die verwagting is dat 'n ontvanklikheid vir die werklike behoeftes en node van die burgery in so 'n proses sal ontstaan en saam daarmee behoort 'n gevoeligheid vir idees, argumente, projekte, inisiatiewe en kundighede tot stand te kom. Hierdie ontwikkelinge moet nie toegelaat word om 'n globale *visie* te versteur nie, waar visie verstaan word as die vermoë om te sien en te ken en te verstaan, as 'n kollektiewe visie, die visie van die self en die gemeenskap in 'n proses van wording. Kontakte, sirkulasie, ontmoetinge en gedagtewisselinge skep die visie. Die onderlinge vervlegtheid van hierdie fases bring die skepping en verwesenliking van 'n dinamika van die mense, al die mense in die gemeenskap (lokaal en/of globaal en virtueel), tot stand.

**Voorbeelde van moontlike projekte**

In hierdie konteks van 'n intelligente gemeenskap kan projekte van probleemidentifisering, probleembeskrywing en -oplossings spontaan na vore kom. Enkele voor die hand liggende voorbeelde kan genoem word: die probleem van armoede en rykdom; die probleem van grootskaalse ongeletterdheid en oppervlakkige geletterdheid; die voortgaande kanker van rassisme en die uitwissing daarvan; die omvattende probleem van grondbesit, grondbenutting en voedselvoorsiening; die ontstellende en pynlike aangeleentheid van plaasmoorde en die baie ander gewelddadighede in die samelewing. Dit is duidelik dat daar binne die demokrasie nie toereikende antwoorde gevind word nie; miskien kan 'n demodinamiese benadering in hierdie opsig 'n betekenisvolle rol speel. Hierdie en nog baie ander probleme kan op hulle beste deur die insette van demodinamiese eenhede, wat direk of indirek elektronies verbind is ter wille van die mees omvattende insette, gepak en opgelos word. Die enigste voorwaarde wat ook die groot uitdaging is, is om sulke eenhede gemobiliseer te kry.

**SLOT**

Watter roete kan hier gevolg word? Die versugting na 'n mens wat omgee vir die ander se welsyn, respek het vir die ander in sy wese, wat dus wil sorg dra vir die ander in dié se nood, laat 'n mens aan Hamlet dink (ontleen aan die voortreflike boekie van Stephan Strasser, *De burger voorbij* (1981:163-164)). Hamlet kom tereg in 'n chaotiese wêreld, in 'n korrupte samelewing, in 'n sedelose gemeenskap. Die onregverdighede wat hy rondom hom waarneem, maak hom benoud; dit teister en agtervolg hom. Hy ontwikkel 'n obsessie met hierdie sake omdat hy self daarvoor verantwoordelik voel. Nadat hy met hierdie innerlike verskeurdheid en wanhoop geworstel het, slaag Hamlet daarin om sy gedragslyn te bepaal: slegs een reël sou aan hom vastigheid verleen, naamlik "om gereed te wees, is alles". Hierdie reël vereis: wees voorbereid op alles; leer om met onsekerheid te lewe en verder enigiets te verwag. Die enigste ding wat saak maak, is die eis van die unieke verantwoordelikheid wat hom hier en nou in die gesig staar. In sy wakker besef van wat hy hier en nou van homself ook ter wille van ander moet verwag, daarin bestaan hierdie "gereedheid".

**BIBLIOGRAFIE**


Breton, P. 2000. *Le culte de l'internet: une menace pour le lien social*. Paris: La Decouverte.

Castells, M. 2001. *The internet galaxy: reflections on the internet, business and society*. Oxford University Press.

Critchley, S. 1996. *Deconstruction and pragmatism – is Derrida a private ironist or a public liberal?* (See Mouffe, 1996).

De Beer, C.S. 2004. The encroaching culture of illiteracy. *SA Journal of Higher Education*, 18(3):211-225.

Deleuze, G. 1993. *The fold: Leibniz and the Baroque*. Minneapolis: University of Minnesota Press.

Derrida, J. & Stiegler, B. 2002. *Echographies of television*. Cambridge: Polity Press.

Dreyfus, H. 2001. *On the internet*. London: Routledge.

Dupuy, J.P. 1980. Myths of the informational society. In *The myths of information: technology and postindustrial culture*, edited by K. Woodward. London: Routledge.

Dupuy, J.P. 2000. *The mechanization of the mind: on the origins of cognitive science*. Princeton University Press.

Dutton, W.H. 2004. *Social transformation in an information society: rethinking access to you and the world*. Paris: Unesco.

Finkielkraut, A. & Soriano, P. 2001. *Internet: l'inquietante extase*. Paris: Fayard.

Fromm, E. 1978. *To have or to be*. London: Jonathan Cape.

Fromm, E. 1976. *The sane society*. London: Routledge.

Graham, G.1999. *The internet: a philosophical inquiry*. London: Routledge.

Hayles, N.K. 1999. *How we became posthuman: virtual bodies in cybernetics, literature, and informatics*. University of Chicago Press.

Illich, I. 1973. *Tools for conviviality*. London: Calder & Boyars.

Lévy, P. 1997. *Collective intelligence: mankind's emerging world in cyberspace*. New York: Plenum Trade.

Lévy, P. 2001. *Cyberculture.* Minneapolis: University of Minnesota Press.

Mouffe, C.(Ed) 1996. *Deconstruction and pragmatism*. London: Routledge.

Poster, M. 2001. *What's the matter with the internet?* Minneapolis: University of Minnesota Press.

Roszak, T.H 1973. *Where the wasteland ends: politics and transcendence in postindustrial culture*. London: Faber & Faber.

Sardar, Z. & Ravetz, J.R. 1996. *Cyberfutures: culture and politics on the information superhighway*. London: Pluto Press.

Stiegler, B. 2001. *La technique et le temps: 3. Le temps du cinéma et la question du mal-être*. Paris: Galilée.

Stiegler, B. 2004. *De la misère symbolique: 1. L'epoque hyperindustrielle*. Paris: Galilée.

Thornton, A. 2002. *Does internet create democracy*?

Ulmer, G.L. 2003. *Internet invention: from literacy to electracy*. New York: Longman Publishers.